Ontmoeting 4

Rodé

Die kinders word aangemoedig om met vreugde die Goeie Nuus van Jesus te gaan vertel

Teks: Handelinge 12:1–19, Openbaring 3:20

Hulpmiddels:

- Los items wat interessante geluide maak
- ħ Kombers
- ħ Roos of ħ prentjie van ħ roos (vir Rodé)
- Los lappe of serpe vir die toneelstuk
- Kopieë van die deur
- Karton, gom, skêre, ponsdrukker
- Stukkies lint, wol of tou en ander versierings

Welkom

Watter geluid is agter die deur? Vir hierdie speletjie gaan ons met geluide werk. Kies vooraf ħ paar goed om te gebruik wat ħ bekende geluid maak, bv. ħ krammasjien ("stapler"), skêr en papier, teelepel in ħ koppie, waspapier wat frommel, ritssluiter en ’n telefoon se knoppies. Maak ħ deur uit karton. Al jou geluide word agter die deur gehou... Die kinders kan dan raai wat die geluid is en die deur kom oopmaak om te sien of hulle reg was.

Wie is agter die kombers: Deel die kinders op in 2 spanne. Die kombers word gespan tussen die 2 spanne en een kind van elke span kom vorentoe en maak ħ geluid. Die ander een moet raai wie se stem dit is.

Wyding

Stilword–ritueel: Speel ‘n stukkie rustige musiek in die agtergrond en doen die volgende oefening saam met die kinders teen ‘n stadige pas. Almal begin in ‘n hopie opgekrul op die grond, net soos ‘n saadjie. Die son begin stadig skyn en julle kan die warmte van die son op julle voel skyn, net soos God se liefde. Groei nou stadig en maak asof jy ‘n plant is wat groei(almal kan stadig regop kom en regop sit of kniel). Volgende gee God sy genade vir ons elkeen soos wat reëndruppels op plante val(groei en strek jou arms en bene tot dat julle regop staan). Laastens strek jou arms uit net soos die takke van die wingerdloot. Swaai nou jou arms soos takke en laat hang hulle asof daar druiwetrosse hang aan jou hande. Doen ‘n kort gebed.

Woord

Gebruik ħ sak ou klere of los lappe om die verhaal te dramatiseer: Petrus; Rodé, ħ jong diensmeisie wat geglo het; ħ klomp mense wat saam bid.

Dit was ħ baie belangrike gebedsbyeenkoms, en dit was in die boonste vertrek van die huis waar Rodé gewerk het. Rodé (haar naam beteken roos) was ħ jong meisie wat as diensmeisie gewerk het in die huis van Maria. Die kerkbyeenkoms op die boonste vloer was laataand nog steeds aan die gang, want Petrus, die bekende dissipel en nou sendeling, was in die tronk. Nie net was hy in die tronk omdat hy vir almal die Goeie Nuus van Jesus vertel het nie, maar Koning Herodes wou hom laat doodmaak.

Wat die gemeente nie geweet het nie, was dat hulle gebede eintlik klaar verhoor was. Deur ħ wonderwerk het die tronkdeure oopgegaan in die middel van die nag en Petrus was in die donker strate van Jerusalem op pad na Maria

se huis. Dit was nie die normale tyd om aan iemand se huis se deur te klop nie en die Christene was maar skrikkerig dat hulle ook in die tronk gegooi sou word.
Ons weet nie of almal gehoor het toe hy aan die deur klop nie en of dit net die diensmeisie Rodé was nie, maar sy het gaan luister wie by die deur was. "Wie is daar," het sy gevra. "Dit is ek, Petrus!" Sy het die stem herken wat van anderkant die toe deur met haar gepraat het! Dit was Petrus! Sy het self na sy preke geluister en het geweet dit is hy. Sy was so opgewonde oor die goeie nuus dat sy vergeet het sy moet die deur oopmaak! Sy moes die nuus gaan vertel!! So vinnig as wat haar beentjies haar kon dra, is sy die trappe op na waar die gemeentelede steeds gebid het. "Julle, Petrus...
Petrus is hier! Hier onder by die deur!" het sy geroep.
"Ag nee, jy is mal!" het die manne in die bovertrek vir haar gesê. Hulle was steeds besig om te bid vir Petrus. "Maar dit ís so, hy is rêrig hier!" het sy aanhou vertel. Sy kon nie stilbly oor die goeie nuus nie! "Wel," het hulle geantwoord, "dan is dit verseker sy gees wat vir ons kom vertel dat Petrus dood is; dan is dit te laat." Rodé wou nie opgee nie. Deur die gestryery kon almal toe ook hoor dat daar steeds 'n aanhoudende geklop aan die deur was.
Groot was hulle verbasing toe hulle uiteindelik die deur oopmaak en Petrus werklik daar sien staan. Petrus het met sy hand vir hulle gewys om stil te bly. Toe het hy vir hulle vertel hoe hy uit die tronk gered is terwyl hulle besig was om vir hom te bid. Hy het die gemeentelede opdrag gegee om dit wat gebeur het vir ander te gaan vertel. Toe het hy vertrek. Ons weet nie wat verder met Rodé gebeur het nie. Maar ons weet dat sy baie dapper was om sommer by die gebedsbyeenkoms te gaan instorm met die goeie nuus. Haar geloof was sterk genoeg om vas te hou aan die waarheid, al het die ander volwassenes daar gedink en gesê sy is mal. Sy bly vir ons 'n goeie voorbeeld van 'n dapper jong meisie.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder watter deel van Rodé se storie staan vir jou uit.
2. Ek wonder of jy kan vertel van iets wat gebeur het wat jou so opgewonde gemaak het dat jy nie daaroor kon stilbly nie.
3. Ek wonder of jy kan vertel van 'n keer wat jou of jou gesin se gebede verhoor is.

Werskaf

- Die kinders kry geleentheid om 'n gebedsboekie te maak: Die kinders maak 'n afdruk van hul hand op karton. Hulle maak ook 'n afdruk daarvan op nog 'n paar papiere om die binnekant van die boekie te vorm. Dit word alles uitgeknip en bymekaar gehou. Pons nou gaatjies deur al die lagies en bind dit met 'n toutjie aanmekaar vas. Vra die kinders om te dink aan 'n gebed/gebede wat hul reeds in hul boekies kan skryf.
- Deel die kopieë van die deur uit. Sny versigtig op die binnerand 3 sye van die deur oop. Los die linkerkant vas aan die kosyn.
- Gebruik die voorbereide deur om 'n eenvoudige uitnodiging te rig aan kinders wat nog nie die "deur" oopgemaak het nie. (Gesels oor die goeie nuus wat Rodé vir die gelowiges gaan vertel het. Ons het ook Goeie Nuus om te vertel; ons kan vir mense die storie van Jesus vertel. God het Jesus aarde toe gestuur omdat Hy so lief was vir ons om ons te red van sonde. Openbaring 3 sê vir ons dat God wil hê ons moet 'n keuse maak om sy kinders te wees, net soos 'n mens 'n deur sal oopmaak wanneer iemand klop. Indien daar enigiemand is wat nog nie 'n besluit gemaak het om Jesus te volg nie, kan hulle na die tyd met hul groepleier gesels.)
- Kinders kan die lappe/klere gebruik en weer die storie opvoer.

Sluit af met die seënbede

Openbaring 3:20

“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan…”